**Skriflesing: 2 Korintiërs 3 vers 1-18**
**Tema: Waar is Jesus vandag?**

Moenie my vertel wat Jesus 2000 jaar gelede gedoen het nie, vertel my wat Hy nou doen en waar Hy nou is.

Ons bely dat ons glo in Jesus Christus wat gekruisig is, gesterf het, begrawe is, ter helle neergedaal het, opgestaan het en opgevaar het na die hemel. Hy sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Karl Barth het opgemerk dat "Hy sit aan die regterhand van God", die enigste deel van ons belydenis oor Jesus Christus is wat in die teenwoordige tyd geformuleer is.
Is dit dan waar Jesus nou is?

As jy vir mense in Rio vra waar is Christus is, sal hulle wys na hulle standbeeld.
**Christus die Verlosser** (Portugees: *Cristo Redentor*) is 'n groot standbeeld van Jesus Christus in die wyk Alto da Boa Vista in die stad Rio de Janeiro in Brasilië. Die beeld is 38 meter hoog en staan op die 710 meter hoë Corcovado-berg, wat oor die stad uitkyk. Die beeld weeg 1 145 ton en die spanbreedte tussen die twee arms is 28 meter. Dit is in Frankryk deur die Frans-Poolse beeldhouer Paul Landowski geskep, waarna dit in blokke van 16 ton na Brasilië verskeep is. Sewe-en-tagtig jaar gelede, op 12 Oktober 1931, na 9 jaar se werk, was die monument gereed en is dit in 'n uitgebreide seremonie deur president Getúlio Vargas ingewy.
Is dit dan waar Jesus nou is?

As Sy kinders kan ons nie meer Christus fisies hier by ons sien nie, maar ons weet Hy is by ons teenwoordig is. Sy naam is Immanuel. Die naam beteken God by ons. (Matteus 1 vers 23). Hy sê self in Matteus 28 vers 20b: En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

Teologies weet ons Christus sit na Sy mensheid en Godheid aan die regterhand van God en na Sy Godheid is Hy hier by ons teenwoordig. Ons steek by geestelike byeenkomste 'n kers aan om Sy teenwoordigheid te vier.

Al hierdie argumente is goed en waar, maar die vraag bly steeds: Waar is Christus vandag? Waar is Hy sigbaar?

Hy is hier. Hy leef en werk onder ons. Hy is in ons. Elkeen van ons as Sy kinders het die geweldige verantwoordelikheid om Hom vandag sigbaar te maak. Ek verduidelik dit met die volgende verhaal wat ek iewers raakgelees het:

Die verhaal speel af in 'n groot maatskappy wat in 'n hoë gebou gevestig is. Die uitvoerende hoof van hierdie maatskappy se kantoor is op die boonste vloer. Baie werknemers ken hom nie. Maar hulle ken sy dogter.

Een oggend daag sy dogter by die werk op en sy dring by die sekuriteitswag aan dat hy vir haar 'n toebroodjie moet gaan koop. Ten spyte van sy verduideliking dat hy nie sy pos mag verlaat nie, dring sy daarop aan. Die sekuriteitswag begin wonder: "As die dogter so baasspelerig is, wat sê dit nie van haar pa nie?" In die gang loop die dogter die sekretaresse raak. Sy het stapels papiere by haar - agendas wat gebind moet word vir daardie middag se vergadering. Ten spyte daarvan, dring die dogter by haar aan dat haar kantoor eers gestofsuig moet word. Die sekretaresse begin bedenkinge kry oor haar baas se wysheid. So gaan die dogter voort. Sy stel eise en onderbreek skedules. Sy noem nooit haar pa se naam nie - dit is nie nodig nie. Praat die kind dan nie namens

haar pa nie? Meer as een werknemer bevraagteken die wysheid van die man daarbo. "Weet hy regtig wat hy doen?", wonder hulle.
Hulle verloor hulle respek vir hom. Hulle begin skinder. Hulle verwaarloos hulle werk. Die dogter het nie met vuil taal of losbandigheid haar pa se naam skade aangedoen nie. Nee, deur 'n onsensitiewe lewenswyse en liefdeloosheid het sy haar pa se naam oneer aangedoen.

Maar wat as die dogter anders opgetree het?
Sy bring vir die sekuriteitswag koffie en 'n toebroodjie.
Sy kry dieselfde sekretaresse en help haar met die papiere en agendas.
So raak die baas se dogter betrokke by mense. Sy stel belang. Sy vra uit oor hulle gesinne. Sy bring vir hulle koffie. Nuwe werkers word verwelkom. Harde werkers word geprys. Deur haar liefde en besorgdheid styg die vlak van gelukkigheid en produktiwiteit van die hele maatskappy.

Sy doen dit sonder om haar pa se naam te noem. Dit is nie nodig nie. Is sy dan nie die baas se dogter nie? Praat sy nie namens haar pa nie? Weerspieël sy nie sy hart nie? Omdat die werknemers baie van haar dink, het hulle 'n hoë dunk van haar pa. Hulle het hom nog nooit gesien nie en nog nooit ontmoet nie. Maar hulle ken sy kind, daarom ken hulle sy hart. Hulle wil aan hierdie maatskappy behoort. Hier sal hulle meer as hulle kant bring.

Niemand het die Here nog ooit gesien of Hom in lewende lywe ontmoet nie, maar hulle ontmoet vir ons as Sy kinders. Deur my en jou word Christus vandag sigbaar, tasbaar en hoorbaar.

Ons lees in 2 Kointiërs 3 vers 3 dat ons lewende briewe van Christus is. Ons is dit nie in eie krag of vermoëns nie, Christus het dit op ons harte geskryf deur die Heilige Gees. Dwight Moody, 'n Amerikaans evangelis, het al in die 1800's gesê dat een uit 100 mense die Bybel sal lees. Die ander 99 "lees" die een persoon wat die Bybel lees. Mense met wie ons elke dag te doen het, moet by ons as lewende briewe vir Christus iets van Hom en Sy liefde lees.

Hierdie bediening kom nie uit onsself nie. Die Heilige Gees maak ons vry en werk in ons 'n vrymoedigheid om te getuig. Christus neem die sluier van sonde, trots of hoogmoed van ons weg sodat ons, soos 'n spieël, die heerlikheid van die Here kan weerkaats.

Ons lees in 2 Korintiërs 3 vers 18 dat die Heilige Gees ons verander om al meer te lyk en te leef soos Jesus. Ons is lewende beelde van Christus.

Waar is Jesus vandag? Nie in 'n standbeeld in Rio nie. Nie in die aansteek van 'n kers nie.

Hy is deur Sy Heilige Gees in ons.

Waar is Jesus vandag? Het Hy net opgevaar hemel toe vanwaar Hy regeer van die regterhand van God? Nee, Hy leef ook in en deur ons as Sy kinders. Die Heilige Gees maak van ons lewende briewe en beelde van Christus en ook spieëls wat Sy heerlikheid weerkaats.
**Amen**